**VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Appélnommer : A20/09

In die appél tussen:-

**MAKESELA SAM MONYOTE** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** VAN ZYL, R et MATHEBULA, WND R

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN ZYL, R

---

**GELEWER OP:** 3 SEPTEMBER 2012

---

[1] Appellant het in die Streekhof gehou te Zastron tereggestaan op ‘n aanklag van verkragting. Dit is beweer dat hy op of omtrent 6 April 2007 en te of naby Rouxville vir MJ Malefane (hierinlater na verwys as “die klaagster”), ‘n sestienjarige meisie, meer as een keer verkrag het. Appellant het onskuldig gepleit en het sy regsverteenwoordiger in ‘n pleitverduideliking aangedui dat appellant ontken dat hy gemeenskap met die klaagster gehad het en beweer dat hulle slegs romanties verkeer het. Appellant is egter skuldig

bevind op die basis dat hy die klaagster twee keer verkrag het en is hy ooreenkomstig die bepalings van Artikel 51(1) van die Strafregwysigingswet, Wet 105 van 1997 (hierinlater na verwys as "die Strafregwysigingswet"), tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis.

[2] Appellant se appèl is slegs teen die opgelegde vonnis gerig. Vanweë die redes wat hieronder sal blyk, is ek egter van mening dat daar in terme van ons inherente hersieningsbevoegdheid ooreenkomstig die bepalings van Artikel 304(4) van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977, ook gedeeltelik met appellant se skuldigbevinding ingemeng behoort te word.

[3] Die Staat het die getuienis van die klaagster, Dr. Coertze, wie haar ondersoek het na aanleiding van die voorval, en drie ander staatsgetuies aangebied. Laasgenoemde getuies was Pule Lindley, wie in die geselskap van appellant was toe hulle aanvanklik die klaagster en haar vriendinne teëgekom het, Elsie Dichaba, wie saam met die klaagster was toe hulle appellant en sy vriende teëgekom het en Lena Malefane, synde 'n familielid saam met wie die klaagster gewoon het

en aan wie die klaagster haar eerste rapport ten opsigte van die verkragting gemaak het. Die appellant het in sy eie verdediging getuig. Soos reeds hierbo vermeld, is appellant daaraan skuldig bevind dat hy die klaagster twee keer verkrag het. Duidelikheidshalwe moet vermeld word dat ek oortuig is dat die skuldigbevinding aan die eerste van hierdie beweerde twee dade van verkragting inderdaad in orde is en dat daar op geen basis daarmee ingemeng kan word op appèl nie. Vanweë hierdie feit en verdermeer vanweë die feit dat appellant se appèl nie teen die skuldigbevinding gerig is nie, ag ek dit gevolglik nie nodig om in detail met die getuienis ten opsigte van die eerste voorval van verkragting te handel nie. Ek sal egter hierinlater wel in meer detail met die getuienis ten opsigte van die tweede daad van verkragting handel.

[4] Die kronologiese verloop van die gebeure soos uit die onderskeie staatsgetuies se getuienis geblyk het en wat deur die Hof as bewese aanvaar is, is opsommenderwys die volgende. Die klaagster en drie van haar vriendinne, waarvan bogemelde getuie, Elsie Dichaba een was, was die nag van die voorval te voet oppad na Elsie se huis. Hulle het

appellant en drie van sy vriende teëgekom. Appellant het die klaagster gegryp, waarop sy geskree het, losgeruk het en ‘n entjie weggehardloop het. Appellant het die klaagster agternagesit en haar weer gegryp, steeds in die onmiddellike omgewing van die ander persone. Die getuie, Pule Lindley het vir appellant gesê om die klaagster te los, waarop appellant hom stilgemaak het en die klaagster in ‘n rigting begin wegsleep het. Pule het daarop aan appellant gesê dat as enigiets met die klaagster sou gebeur, Pule aan die Hof sou vertel dat appellant saam met die klaagster was en haar daar weggeneem het. Appellant het toe vir Pule gedreig dat hy hom met ‘n mes sou steek indien Pule nie sou stilbly nie. Ook Elsie het appellant aangesê om die klaagster te los, waarop appellant vir haar gesê het om stil te bly anders sou hy haar met ‘n bottel wat hy in sy besit gehad het, steek. Appellant het daarop die klaagster na ‘n verlate gebou in die omgewing gesleep. Sy het probeer skree, maar hy het haar mond toegedruk. Intussen het appellant se vriende en die klaagster se vriende na die klaagster se huis gegaan en aan die getuie, Lena gerapporteer wat gebeur het en het hulle ook die polisie ontbied. Binne die verlate gebou het appellant die klaagster beveel om haar klere uit te trek en toe

sy geweier het om dit te doen, het hy haar broek op 'n geweldadige wyse uitgetrek tot die mate dat die broek geskeur het en die knoop daarvan afgebreek het. Hierdie geskeurde broek is ook in die Hof as 'n bewysstuk ingehandig. Daarop het appellant ook sy eie klere uitgetrek, die klaagster laat lê en haar toe verkrag. Sy het getuig dat ten tyde van die verkragting haar geslagsdele seergekry het en het sy om hulp geskree, maar aangesien daar nie ander huise in die omgewing was nie, het niemand haar klaarblyklik gehoor nie. Nadat appellant haar klaar verkrag het, het hy haar regop getrek en haar beveel om haar klere aan te trek. Sy het die stukkende broek weer aangetrek, waarna appellant haar forseer het om saam met hom na sy sinkhuis te gaan. By die sinkhuis het hy haar, aldus die Verhoorlanddros se bevinding, 'n tweede keer verkrag in sy bed, waarna hulle aan die slaap geraak het. Die volgende oggend toe sy wakker word, het appellant nog geslaap, waarop die klaagster ontvlug het na haar woonhuis. Daar het sy vir Lena vertel wat gebeur het, waarna hulle na die polisiestasie is en die klaagster ook later na die hospitaal geneem is vir 'n mediese ondersoek. Lena het in haar getuienis bevestig dat die klaagster huilend by die huis

aangehardloop gekom het en aan haar rapporteer het dat appellant haar in `n verlate gebou verkrag het.

Dr. Coertze het getuig dat hy die klaagster op die oggend van 7 April 2007 medies ondersoek het. Hy het sy bevindinge en gevolgtrekkings op ‘n J88 aangedui, aan die hand waarvan hy sy getuienis aangebied het en welke dokument ingehandig is as Bewysstuk “A”. Dokter Coertze het sy kliniese bevindings en gevolgtrekkings as volg op Bewysstuk “A” genotuleer:

> “On the 6/4/2007 at plus minus 23h00 she was grabbed by a man who took her to an abandoned building. She tried to fight him, but he was too strong. She says he hit her in the face with his fists and tried to strangle her. He then removed her clothes and allegedly raped her. Small laceration seen on the inside of her upper lip. Labia minora slight swelling. Hymen old tears, no fresh tears, slight swelling. White discharge.
>
> No trauma noted to vagina, cervix, but hymen is slightly swollen with white discharge which could be semen. Possibility of penetration is there.
>
> ... Penetration could have taken place.”

[5] Appellant se weergawe, wat deur die Verhoorlanddros verwerp is, was tot dien effekte dat die klaagster sy vrymeisie was en dat hulle ‘n afspraak gehad het om mekaar daardie aand te sien. Toe hy en sy vriende die klaagster en haar vriendinne dus raakloop, het hy haar hand gevat en het hulle gestaan en gesels, terwyl hulle vriende daarvandaan weggegaan het. Vanweë die feit dat dit begin reën het, het hulle in die verlate gebou gaan skuiling soek. Daarvandaan is hulle na appellant se huis waar hulle onmiddellik in die bed geklim en geslaap het. Volgens appellant het hulle nie gemeenskap gehad daardie aand nie. Hulle het wel by vorige geleenthede gemeenskap gehad, aangesien hulle, volgens hom, in ‘n tipe van verhouding was. Hy het die bewerings dat hy die klaagster die aand teen haar sin weggesleep het, dreigemente jeens sommige van die staatsgetuies geuiter het en later die klaagster twee maal verkrag het, ontken.

[6] Soos reeds vermeld, meen ek dat daar geen basis is waarop ingemeng kan word met die Verhoorlanddros se bevinding dat die klaagster in die verlate gebou verkrag is nie. Wat die

beweerde verkragting in die bed van appellant betref, is daar na my mening egter wel aspekte van die Staat se saak wat nadere oorweging verg. Wat die klaagster se eie getuienis betref, ag ek dit doelmatig om die volgende gedeelte van haar getuienis in hoof daaromtrent aan te haal soos dit voorkom in die oorkonde, p. 17, reël 3 tot p. 18, reël 9:

> "So what happened when you arrived at that shack? …When I arrived there he opened the shack and then we got inside and then he said I must also lie there.
>
> Yes? …And then Your Worship I did not undress myself. I was still wearing my clothes. Then I jumped into the bed and then he said I must undress myself and then I deny to do that.
>
> Yes, what happened then? …Then we slept Your Worship. He was asleep but I was not asleep.
>
> Now before you sleep, did the accused do anything to you? …No.
>
> Did you again have to take off your clothes while you were in bed? …No, I did not undress me.

So the accused did not repeat what he had done in the old mortuary building with you again in the shack? …Yes, he wanted to do that Your Worship, but I denied, I was just holding my pants here in front of me.

So he did not again force himself on you? …Yes he forced him on me.

Can you explain? …Yes Your Worship, I undressed my pants again and then he put the pants there on the floor and then he forced him on top of me and then he lied on top of me. And then he took his private part and put it into my private part Your Worship and he again do that up and down movements on top of me.

Now how did it happen that the accused also was undressed? …He undressed himself.

What happened after this? …It was already in the morning Your Worship, he was asleep and then I woke up and then I left the place, I ran away from there.

Where did you run to? ...To my parental place."

[7] Dit blyk dus uit voormelde getuienis dat die klaagster

aanvanklik getuig het dat appellant nie enige iets aan haar gedoen het nadat hulle in die bed geklim het nie. Haar getuienis met betrekking tot die verkragting het eers gevolg nadat dit spreekwoordelik uit haar getrek is en toe dit boonop eventueel by wyse van 'n uiters leidende vraag aan haar gestel was. Die problematiek met betrekking tot hierdie gedeelte van haar getuienis word na my mening vererger wanneer daar gelet word op die getuienis van Lena. Sy het slegs getuig dat die klaagster aan haar rapporteer het dat appellant haar in die verlate gebou verkrag het. Sy het nie getuig dat die klaagster se rapport aan haar ook na die beweerde verkragting in die bed van appellant verwys het nie. Die tersaaklike gedeelte van haar getuienis in hoof kom voor op p. 33, reëls 19 tot 21 van die oorkonde:

> "Now did she tell you that this person had allegedly raped her the previous night? …Yes, she told me that the person raped her at an old building called the mortuary Your Worship."

[8] Addisioneel tot voormelde, blyk dit uit die mededelings wat die klaagster aan Dr. Coertze gemaak het, soos reeds aangehaal in paragraaf 4 hierbo, dat sy ook teenoor hom

slegs melding gemaak het van die verkragting in die verlate gebou en nie vermeld het dat sy ook in die bed van appellant verkrag was nie.

[9] Hoewel die transkripsie van die Verhoorlanddros se uitspraak ongelukkig redelik onduidelik is, is dit wel duidelik dat die Verhoorlanddros ook voormelde probleem met die klaagster se getuienis wat betref die verkragting in die bed van appellant, opgetel het. Hy het in sy uitspraak daarna verwys dat die klaagster 'n enkelgetuie is en dat daar derhalwe 'n versigtigheidsreël van toepassing is. Daarop het hy as volg vermeld in sy uitspraak soos dit voorkom in die oorkonde, p. 81, reëls 9 tot 16:

> "The complainant made a good impression. The court ... (inaudible) consistent ...(inaudible) evidence. The … (inaudible) one aspect in her evidence …(inaudible) the prosecutor asked her: did the accused …(inaudible) and she said no. He asked her again: did you take off your clothes and again she said no and then when the prosecutor said … (inaudible) repeat what he did in the building she said … (inaudible) he did have intercourse with me …(inaudible)."

[10] Dit blyk dat die Verhoorlanddros toe egter bevind het dat voormelde onbevredigende wyse waarop die klaagster hieromtrent getuig het, waarskynlik daaraan toe te skryf is dat, hoewel sy nie weer in die huis aangerand was nie, sy vanweë die vroeëre aanranding en verkragting op haar bloot die appellant gehoorsaam was toe hy weer aangedring het op gemeenskap en het sy haar dus nie verset soos tydens die eerste geval nie. Dit wil dus voorkom dat die Verhoorlanddros bevind het dat dit derhalwe nie afbreuk doen aan haar geloofwaardigheid met betrekking tot die plaasvind van die beweerde tweede verkragting nie.

[11] Ek kan nie met laasgenoemde bevindings saamstem nie. Soos tereg deur die Verhoorlanddros uitgewys, is die klaagster ‘n enkelgetuie met betrekking tot die verkragting as sulks. Wanneer die versigtigheidsreël wat van toepassing is op ‘n enkelgetuie toegepas word op die wyse soos beslis in S v SAULS AND OTHERS 1981 (3) SA 172 (A), kan ek ongelukkig nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat die onbevredigende wyse waarop die klaagster met betrekking tot hierdie spesifieke voorval getuig het, tesame met die gebrek aan stawende getuienis daaromtrent (anders

as in die geval van die eerste verkragting), die klaagster se getuienis sodanig onbevredigend is dat ek nie kan bevind dat die Staat bo redelike twyfel hierdie tweede voorval van verkragting bewys het nie. Mnr. Strauss het dit ook aldus toegegee.

[12] Gevolglik is ek van mening dat dit in die belang van reg en geregtigheid is dat daar gedeeltelik ingemeng word met appellant se skuldigbevinding deur te bevind dat appellant die klaagster slegs een keer verkrag het, synde in die verlate gebou.

<u>AD VONNIS:</u>

[13] Voormelde bevinding met betrekking tot appellant se skuldigbevinding en gegewe dat die klaagster reeds sestien jaar oud was ten tyde van die voorval, het tot gevolg dat die voorgeskrewe minimum vonnis wat van toepassing is in die omstandighede wat nou bevind is, nie (meer) lewenslange gevangenisstraf is nie, maar wel tien (10) jaar gevangenisstraf ooreenkomstig die bepalings van Artikel 51(2)(b) van die Strafregwysigingswet.

[14] Mnr Reyneke het betoog dat die feit dat appellant ongeveer een jaar en een maand as verhoorafwagtende in hegtenis was en voorts dat hy onder die invloed van alkohol verkeer het ten tyde van die pleging van die misdryf, kumulatief wesenlike en dwingende omstandighede daarstel wat die oplegging van 'n mindere vonnis dan die voorgeskrewe minimum van tien (10) jaar gevangenisstraf regverdig. Mnr Strauss het egter betoog dat gegewe die omringende omstandighede tot die pleging van die misdryf, die faktore geopper deur Mnr Reyneke nie wesenlike en dwingende omstandighede daarstel nie, deurdat 'n onreg nie jeens appellant sal geskied indien tien (10) jaar gevangenisstraf opgelê sou word nie.

[15] Wat as wesenlike en dwingende omstandighede kwalifiseer wat die oplegging van 'n mindere vonnis dan die voorgeskrewe minimum vonnis in terme van die Strafregwysigingswet in 'n bepaalde geval noodsaak en regverdig, is gesaghebbend vasgelê in S v MALGAS 2001 (1) SASV 469 (SCA). In die onderhawige geval is dit inderdaad gemeensaak tussen die Staat en die verdediging dat appellant onder die invloed van alkohol verkeer het ten

tyde van die pleging van die misdryf. Dit blyk verdermeer ook dat appellant wel ongeveer een jaar en een maand as verhoorafwagtende in hegtenis verkeer het. Wanneer daar egter gelet word op die omringende omstandighede tot die pleging van die misdryf, moet ek met Mnr Strauss se betoog saamstem dat hier faktore teenwoordig is wat tot gevolg het dat daar 'n hoë mate van morele verwytbaarheid aan appellant se optrede kleef. Appellant het in die teenwoordigheid van sy eie vriende en in die teenwoordigheid van die klaagster se vriendinne die klaagster gegryp en teen haar wil weggesleep na die verlate gebou. Toe hy aangespreek was oor sy optrede deur beide een van sy eie vriende en een van die vriendinne van die klaagster, het hy hulle altwee met geweld gedreig. Hierdie gedrag van appellant spreek na my mening van arrogante en blatante misdadige optrede. Nie net was appellant nie afgeskrik deur die teenwoordigheid van ander nie, maar het hy hom geensins gesteur aan die teregwysings jeens hom nie.

[16] Addisioneel tot voormelde is appellant ook nie 'n eerste oortreder nie. Dit blyk uit die SAP 69 dat hy gedurende 2001

onder een saaknommer op vier aanklagte skuldig bevind was, synde huisbraak met die opset om te steel en diefstal, die onwettige besit van ‘n vuurwapen, die onwettige besit van ammunisie en roof. Hy is gevangenisstraf ten opsigte van elk van hierdie aanklagte opgelê en is dit gelas dat dit tot so ‘n mate samelopend uitgedien moet word dat hy vyf (5) jaar gevangenisstraf moes uitdien. Elk van hierdie skuldigbevindings is baie ernstig van aard en is dit verdermeer uiters relevant met betrekking tot die onderhawige skuldigbevinding, deurdat dit, net soos in die onderhawige geval, direk en/of indirek geweldsmisdrywe was. Dit dui dus op die geweldadige geneigdheid van appellant, welke ‘n erg verswarende faktor is.

[17] Appellant het ter strafversagting getuig. Daaruit het dit geblyk dat wat sy persoonlike omstandighede betref, hy op daardie stadium vier-en-twintig jaar oud was, ongetroud en met geen kinders nie. Hy het vantevore loodgieterswerk op ‘n stukwerk basis gedoen waarvoor hy gemiddeld ongeveer R600-00 per maand verdien het. Ten tyde van sy arrestasie het hy en sy vader saamgewoon, maar is sy vader sedertdien oorlede.

[18] Dit is geyk dat in geweldsmisdrywe soos die onderhawige, die gemeenskapsbelang sterk na vore tree. Dit het insgelyks tot gevolg dat die afskrikkings-, voorkomings- en vergeldingsoogmerke van vonnisoplegging sterk oorweging moet geniet.

[19] Wanneer die totaliteit van bogemelde feite en faktore op ‘n ewewigtige wyse oorweeg word, kan daar na my mening nie bevind word dat daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van ‘n mindere vonnis dan die voorgeskrewe minimum van tien (10) jaar gevangenisstraf regverdig nie. Ek is van mening dat tien (10) jaar gevangenisstraf in die omstandighede van hierdie saak inderdaad ‘n gepaste vonnis is.

[20] Gevolglik word die volgende bevele gemaak:

1. Appellant se skuldigbevinding word gewysig tot dien effekte dat hy skuldig bevind word daaraan dat hy die klaagster een keer verkrag het.

2. Appellant se appèl teen die opgelegde vonnis slaag, die

opgelegde vonnis van lewenslange gevangenisstraf word tersyde gestel en vervang met een van tien (10) jaar gevangenisstraf.

3. Laasgenoemde vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 21 Julie 2008.

**C. VAN ZYL, R**

Ek stem saam:

**M. A. MATHEBULA, WND R**

Namens die appellant: Mnr J.D. Reyneke
In opdrag van:
Regssentrum
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv M. Strauss
In opdrag van:
Kantoor van die Direkteur:
Openbare Vervolgings
BLOEMFONTEIN